



education

Department of
Education
FREE STATE PROVINCE

GRAAD 10

**REKENINGKUNDE
KONTROLETOETS
MAART 2018**

PUNTE: 100

TYD: 1 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye en 'n antwoordboek van 9 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
4. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Jy mag blou OF swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
6. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG 1: 40 punte; 24 minute	
Onderwerp van die vraag:	Hierdie vraag integreer:
Begrippe, Kontant- en Kredietjoernale	Finansiële rekeningkunde Begrippe Kontantontvangstejoernaal Kontantbetalingsjoernaal Debiteurejoernaal

VRAAG 2: 30 punte; 18 minute	
Onderwerp van die vraag:	Hierdie vraag integreer:
Begrippe en grootboekrekeninge	Finansiële rekeningkunde Begrippe Grootboekrekeninge

VRAAG 3: 30 punte; 18 minute	
Onderwerp van die vraag:	Hierdie vraag integreer:
Rekeningkundige vergelyking, interne kontrole en etiek	Finansiële rekeningkunde Rekeningkundige vergelyking Bestuur van hulpbronne Interne kontrole en etiek

VRAAG 1**BRONDOKUMENTE EN KONTANT- EN KREDIETJOERNALE (40 punte, 24 minute)****1.1 BEGRIPPE****GEVRA:**

Pas die transaksie in kolom 1 by die korrekte dokument wat gebruik moet word om die inskrywing in die joernale te boekstaaf. Skryf slegs die korrekte letter om die dokument in jou antwoordboek aan te dui.

	TRANSAKSIE		BRONDOKUMENT
1.1.1	Koop koeverte kontant	A	Kasregisterrol
1.1.2	Kontantverkope	B	Kwitansie
1.1.3	Betaal elektrisiteit per tjek	C	Bankstaat
1.1.4	Betaal huur deur 'n elektroniese oorbetalings	D	Tjekteenblad
		E	Kleinkasbewys

(4)

1.2 KONTANT EN KREDIETJOERNALE

Die volgende inligting is 'n uittreksel uit die boeke van Thipanyane Handelaars vir Januarie 2018. Moet nie die joernale optel nie. Die besigheid handhaaf 'n winsopslag persentasie van 50% op kosprys.

GEVRA:

1.2.1 Voltooi die Debiteurejoernaal vir Januarie 2018. (6)

1.2.2 Voltooi die Kontantontvangstejoernaal vir Januarie 2018. (14)

1.2.3 Voltooi die Kontantbetalingsjoernaal vir Januarie 2018. (16)

TRANSAKSIES VIR JANUARIE 2018:

3 Ontvang 'n EFO-betaling van POP Bank vir R60 000. Dit is ten opsigte van 'n lening wat gedurende Desember 2017 aangegaan is.

4 Belê R15 000 as 'n vaste deposito teen 10% p.j. rente by SLY Bank. Betaal dit elektronies oor.

5 'n Debiteur, G. Ntusimi, koop goedere op krediet vir R4 500. (Faktuur 212)

9 Reik tjeknr. 334 vir R6 480 uit aan Ncakane Winkels vir die aankope van handelsvoorraad.

12 Kontantverkope vir die dag beloop R15 000 (KRR 11) .

14 Reik 'n tjek uit vir R320 aan Tshehla Vervoerders vir die aflewering van goedere op 9 Januarie aangekoop.

- 15 Maak 'n EFO-betaling ten gunste van Rakotsoane Winkels vir die volgende:
- Handelsvoorraad vir R7 330
 - Rekenaar vir kantoorgebruik , R8 400
16. Kredietverkope per faktuur aan N. Sicwetssha ten bedrae van R1 200.
- 18 Ontvang 'n tjek van B. Mashiane ('n debiteur) vir R970 ter vereffening van sy rekening van R1 020. (Kwitansie 03)
- 25 Reik 'n tjek uit vir R7 600 aan Thateng Handelaars vir die maandelikse betaling vir die aankope op krediet. 'n 5% Korting was afgetrek toe die betaling plaasgevind het.
- 28 Die besigheid verkoop handelsvoorraad op krediet vir R960 aan 'n debiteur, B. Ben.
- 29 Die bankstaat wat van TT Bank ontvang is, toon die volgende:
- Diensgeld R95
 - Kontant depositofoeie R135
 - Kredietkaartheffings R170
 - Rente op 'n kredietsaldo R120
 - Debietorderbetaling aan BT Versekeraars vir die versekering van die eienaar se voertuig van R365.

40

VRAAG 2**AARP-BEGINSELS EN GROOTBOEKREKENINGE****(30 punte, 18 minute)****2.1 BEGRIPPE**

Kies die korrekte AARP-beginsel van die alternatiewe voorsien om by die onderstaande sinne te pas. Skryf die beginsel langs die vraagnommer in (2.1.1 – 2.1.5) in die antwoordboek neer.

(5)

Paringsbeginsel, Lopende saak, Besigheidsentiteit,
Weselikheidsbeginsel, Historiese koste

- 2.1.1 Die finansiële sake van 'n onderneming moet apart van dié van die eienaar gehou word.
- 2.1.2 Alle vaste bates moet teen hulle oorspronklike aankoopswaarde aangeteken word.
- 2.1.3 Finansiële state word so opgestel dat slegs die bepaalde jaar se inkomste en uitgawes in berekening gebring word.
- 2.1.4 Die finansiële state van 'n besigheid moet opgestel word met die veronderstelling dat die onderneming in die afsienbare toekoms sal voortgaan om handel te dryf.
- 2.1.5 Alle wesentlike inligting moet apart in die finansiële state aangetoon word.

2.2 ALGEMENE GROOTBOEK

Die onderstaande inligting is 'n uittreksel uit die rekeningkundige rekords van Nosi Handelaars gedurende Februarie 2018.

GEVRA:

Stel die volgende grootboekrekeninge in die Algemene Grootboek op:

2.2.1	Bank	(6)
2.2.2	Handelsvoorraad	(9)
2.2.3	Debiteurekontrole	(6)
2.2.4	Verkope	(4)

Saldo's/Totale in die algemene grootboek op 1 Februarie 2018:

	R
Bank	13 555 (Dt)
Handelsvoorraad	75 456
Debiteurekontrole	43 210
Verkope	88 600

OPSOMMING VAN DIE JOERNALE VAN NOSI HANDELAARS VIR FEBRUARIE 2018

KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL

KOJ - 5

Bank	Verkope	Koste van verkope	Debiteure-kontrole	Diverse rekeninge
106 500	66 300	44 200	13 620	26 580

KONTANTBETALINGSJOERNAAL

KBJ - 5

Bank	Handelsvoor-raad	Skryfbe-hoeftes	Krediteure-kontrole	Diverse rekeninge
111 700	?	7 400	35 690	11 700

KREDITEUREJOERNAAL

KJ - 5

Krediteure-kontrole	Handelsvoor-raad	Skryfbe-hoeftes	Toerusting	Diverse rekeninge
168 900	64 400	13 400	55 800	35 300

DEBITEUREJOERNAAL

DJ - 5

Verkope	Koste van verkope
54 000	36 000

VRAAG 3**REKENINGKUNDIGE VERGELYKING, INTERNE KONTROLE EN ETIEK****(30 punte, 18 minute)****3.1 ONTLEDING VAN TRANSAKSIES****GEVRA:**

Gebruik die tabel wat voorsien is om by elke transaksie die rekening gedebiteer, rekening gekrediteer en die effek op die rekeningkundige vergelyking aan te toon.. Toon 'n vermindering/minus met **(-) teken** en 'n toename/plus met **(+) teken** aan gebruik 'n **0** vir geen effek. (20)

Voorbeeld: Koop skryfbehoeftes vir R270 en betaal per tjek.

Nr.	Rekening gedebiteer	Rekening gekrediteer	Bates	Eenaars-belang	Laste
vb.	Skryfbehoeftes	Bank	-270	-270	0

TRANSAKSIES:

- 3.1.1 Koop toerusting op krediet aan by ABC Handelaars vir R6 456.
- 3.1.2 Betaal die eienaar se parkeerboete uit die kleinkas vir R350.
- 3.1.3 Kredietverkope vir die dag beloop, R9 000. Koste van verkope R6 000.
- 3.1.4 Reik 'n kwitansie uit aan D. Jonny vir R950 ter vereffening van sy rekening van R950.

3.2 INTERNE KONTROLE EN ETIEK

Die eienaar van Parys Handelaars vermoed dat sy personeel voorraad steel. Hy is seker dat dit nie klante is omrede sekuriteitskameras geïnstalleer is.

GEVRA:

- 3.2.1 Gee 'n rede waarom die eienaar vermoed dat voorraad gesteel word. (2)
- 3.2.2 Stel TWEE interne kontrolemaatreëls voor wat die eienaar kan instel om die probleem op te los. (2)
- 3.2.3 Jy is die bestuurder van 'n besigheid. Dit word onder jou aandag gebring dat sekere werkers geskenke en korting ontvang van verskaffers in ruil vir kontrakte wat aan hulle toegestaan word. Gee DRIE punte wat jy in jou besigheid se gedragskode sal insluit om dit vir die werkers duidelik te maak wat aanvaarbaar en onaanvaarbare gebruike is. (6)

30**TOTALE PUNTE: 100**